# 12 Januarie 2024 - Lesing 212 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

God se beskerming in die geloofstryd – 1/8/61

**NO: 7954** Wees dus standvastig en laat julle geloof nie wankel nie, want Ek, julle God en Vader van die Ewigheid is en bly by julle wanneer die groot geloofstryd sal begin, **waarin My teenstander ook Myne tot ‘n val sal wil bring**.

Alles wat teen julle onderneem word, sal steeds **ten doel hê om JaHshua Messias en Sy verlossingswerk as ongeloofwaardig aan julle voor te stel.** En dit moet vir julle ‘n sigbare teken wees van die nabye einde, **dat JaHshua Messias verloën sal word,** dat die mense ontneem sal word van alle geloof in Hom, sodat die mense geen moontlikheid meer sal hê om verlos van hierdie aarde af heen te gaan nie. Want My teenstander sal openlik teen My optree deurdat Hy teen JaHshua Messias sal ingaan, **in Wie Ek vir die mense tot ‘n sigbare God geword het.**

En hoe hewiger hierdie stryd sal ontbrand, des te meer kan julle seker wees van My teenwoordigheid, want Ek verlaat Myne nie. Ek laat My teenstander geen oorwinnaar word oor hulle wat Myne is en wil bly nie. En wanneer julle dus in die noute gedryf word deurdat van julle geëis word om My as die Goddelike Verlosser in JaHshua Messias te verloën, as julle moet beslis vir My of My teenstander, **vertrou dan geheel en al op My, want dan is Ek nader aan julle as ooit**.

Ek Self sal saam met julle stry en julle hoef My teenstander nie te vrees nie, want My mag is groot en sal julle beskerm, hoe dreigend alles ookal lyk wat teen julle onderneem word. **Dan kan julle ook My koms enige moment verwag** en daarmee die einde van hierdie aarde, vanwaar Ek julle sal wegneem uit die hoogste nood en gevaar.

Word daarom nie kleingelowig nie, maar dink daaraan dat Ek dit vooruit vir julle gesê het, dat die nood wat julle terwille van die geloof sal moet verdra, nog groot sal word. Maar hoe standvastiger julle geloof is en hoe groter julle vertroue in My sal wees, **des te makliker sal die geloofstryd vir julle wees.**

Want aan My kom waarlik die mag toe om ook die swaarste van julle af te wend. En die mense sal **My Liefde en Mag kan ervaar** en hulle kan daarom hierdie tyd getroos en vry van angs tegemoet gaan.

Maar hierdie tyd kom, want die gelowiges sal aangeval word **deur die aardse maghebbers** en deur hulle wat aan My teenstander behoort. Myne sal ‘n openlike bekentenis moet aflê en mag dan geen angs hê nie. **Want die God wat hulle bely sal Sy mag openbaar en hulle help in aardse nood en verdrukking**.

Julle almal kan julle daarop voorberei dat mee-doënlose middele gebruik sal word teen julle wat getrou aan My wil bly. Vergeet egter nie dat Ek Meester is oor lewe en dood, oor Hemel en aarde en **dat Ek waarlik oor middele en weë beskik** om Myne uit hulle aardse nood weg te voer, selfs as daar geen uitweg meer moontlik sal lyk nie.

En wat ookal aards van julle weerhou sal word, **Ek sal julle spysig en laat drink op wonderbaarlike wyse**. Want ook dit lê in My mag, omdat Ek tog Hemel en aarde geskape het en alle wette gegee het volgens My wil. **En so kan Ek ook wette ophef en julle bonatuurlik voed.**

**Ek kan julle omgewe met ‘n beskermende muur** en Ek kan My engele opdrag gee om so ‘n muur om julle heen te bou. Julle hoef julleself maar net gelowig aan My, julle Vader toe te vertrou, wat Sy kinders nie in die steek sal laat nie en julle ook sal beskerm teen die vyand van die siel, teen aardse en geestelike teenstanders. Want My mag en My Liefde is groot. En dit sal gebeur binne ‘n nie al te lang tyd nie.

Maar voor die tyd sal julle nog aan **baie geloofs-beproewinge** blootgestel word, maar ook dit sal julle versterk en geskik maak om stand te hou in hierdie laaste stryd op aarde.

En sodra die stryd ontbrand, sal julle weet dat die einde nie meer vêraf is nie, want dit sal slegs ‘n **kort tydjie** deur My teenstander gevoer word. **Want terwille van My uitverkorenes sal Ek die tyd verkort**.

Ek sal hom en sy aanhang kluister, want die tyd wat vir sy aktiwiteite op aarde vasgestel was, sal vervul wees. En ook die einde van hierdie aarde is naby, soos dit verkondig is in woord en geskrif. Amein.